NASIONALE VEILIGHEIDSBESTUURSTELSEL
NATIONAL SECURITY MANAGEMENT SYSTEM

53

SEKRETARIAAT VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD
SECRETARIATE OF THE STATE SECURITY COUNCIL

22/3/2/19
22/3/2/20

Kopie nr ... van ...

Verwysing
Reference : J Kriel
Navrae
Enquiries : 21-2205
Telefoon
Telephone :

Robert Kochgebou/Building
Pretoriusstraat/Street
Privaatsak/Private Bag X284
0001 PRETORIA

19 Augustus 1982

Aan al die lede van die Staatsveiligheidsraad

RIGLYNE VIR TOTALE STRATEGIE VIR ZIMBABWE EN MOSAMBIEK: AGSTE MONITORVERSLAG: 1 - 31 JULIE 1982

ZIMBABWE

OPDRAG

1. Die opdrag soos vervat in die riglyne is dat die gesindheid van die regering van Zimbabwe verander moet word na 'n goedgesinde en nie-vyandige gesindheid en dat die regering beweeg moet word om gemeenskaplike belange tesame met die RSA te bevorder om sodoende uiteindelik die Konstellasie van Suider-Afrikastate daar te stel. Die bevordering van enige anti-Suid-Afrikaanse belange moet teengewerk word.

52

VORDERING MET DIE UITVOERING

Staatkundige Aksietaak

2.1 Hoewel die kwessie van die repatriasie van Zimbabwese werkers uit die RSA nog voortdurend negatief deur die Zimbabwese pers geopper word, het Minister Kangai tydens 'n gesprek met die RSA se Handelsverteenwoordiger op 20 Julie saamgestem dat die saak nou afgehandel is.

2.2 Die RSA se Handelsverteenwoordiger het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die Minister in te lig oor die Suid-Afrikaanse siening ten opsigte van die Kubaanse onttrekking uit Angola as vereiste vir 'n skikking in SWA/Namibië. Die Minister het gesê dat hy oortuig is dat moontlik slegs Angola 'n Kubaanse teenwoordigheid in SWA/Namibië sou wou hê, maar dat die ander "frontliniestate" so 'n teenwoordigheid ten alle koste wil vermy, omdat dit spanning in Suidelike Afrika sal verhoog.

2.3 Ten opsigte van die ANC het die Minister gesê dat dié organisasie die bevrydingsaspek in sy stryd teen die RSA oordryf. Die OAE beskou die RSA as 'n soewereine staat. Die ANC se doelwit behoort dus deelname aan 'n regering te wees waarin die blankes in die RSA altyd 'n aandeel sal hê. Die Minister het genoem dat ervaring in Zimbabwe en 'n onafhanklike Namibië ten opsigte van rasseverhoudinge vir die RSA waardevol kan wees. Die Handelsverteenwoordiger het die Minister verseker dat die RSA se regering hard werk om goeie rasseverhoudings te verseker en dat die regering se beleid juis daarop gemik is om rassewrywing uit te skakel.

2.4 Oor anti-RSA uitlatings aan Zimbabwese regeringsleiers, het die Minister gesê dat dit gebruik word om

stoom af te blaas, en dat dit beter is om in die openbaar teen die RSA te lawaai en niks verder te doen nie as om te swyg en in die geheim teen die RSA te beplan.

2.5 'n Lid van die RSA se handelsending is vriendelik deur sowel blanke as swart amptenare en sakelui ontvang by die "Confederation of Zimbabwe Industries" se jaarlikse kongres wat van 21 tot 23 Julie in Bulawayo plaasgevind het. Die leier van die sending is openlik deur Ministers Hove en Kangai gegroet en hy is genooi om alle funksies, insluitende die amptelike opening deur Adjunk-premier Muzenda, by te woon. Tydens die verrigtinge is sy sitplek duidelik as dié van die RSA se verteenwoordiger aangedui.

3. <u>Ekonomiese Aksietaak</u>

3.1 Die Departement Landbou berig dat skakeling met Zimbabwe op die volgende terreine voortgesit word:

3.1.1 Die ooreenkoms mbt wederkerige planttelersregte.

3.1.2 Aangeleenthede binne die raamwerk van die Internasionale Saadtoetsvereniging.

3.1.3 Die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Onderstepoort tov ontleding van orgaanmonsters en entstofaankope.

3.2 Die volgende petroleumprodukte is gedurende Julie 1982 na Zimbabwe uitgevoer:

| | | |
|---|---|---|
| Diesel | : | 6 053 570 liter |
| Kragparaffien | : | 529 090 liter. |

Die heringebruikneem van die Beira-Mutarepyplyn met ingang van 19 Junie 1982 het reeds 'n afname in die

hoeveelheid petroleumprodukte per tenktrok uit die RSA tot gevolg gehad. Dit kan Zimbabwe se ekonomiese afhanklikheid van die RSA verminder.

4. Maatskaplik/Sielkundige Aksietaak

Geen terugvoer is vir hierdie tydperk ontvang nie.

5. Veiligheidsaksietaak

5.1 Beide die Nasionale Intelligensiediens en die SAP(V) berig dat hulle steeds goeie verhoudinge met hulle eweknieë in Zimbabwe het.

5.2 Roetineveiligheidsaksies duur voort.

MOSAMBIEK

OPDRAG

6. Die opdrag soos vervat in die riglyne is dat Mosambiek se houding sodanig beïnvloed moet word dat hy tesame met die RSA gemeenskaplike belange bevorder om uiteindelik by 'n Konstellasie van State betrek te word.

VORDERING MET DIE UITVOERING

7. Staatkundige Aksietaak

7.1 Samesprekings is op 29 Julie 1982 te Pretoria met die Mosambiekse arbeidsverteenwoordiger in Johannesburg gevoer waartydens hy ingelig is dat dit van RSA kant vereis word dat boere in die Laeveld hulle Mosambiekse plaaswerkers se dokumentasie in orde laat bring.

7.2 Dit is aan die arbeidsverteenwoordiger gestel dat dit in hierdie verband noodsaaklik is dat Mosambiek se

samewerking vir die heropening van die kantoor te Ressano Garcia verkry word. Die arbeidsverteenwoordiger het ingestem om die saak na die betrokke owerheid in Maputo te verwys en het onderneem om so spoedig moontlik 'n antwoord te verstrek.

8. Ekonomiese Aksietaak

8.1 Die Departement Vervoer berig dat tydens 'n Vervoerinspektoraatbesoek aan die Lebombogrenspos te Komatipoort gevind is dat die ongemagtigde vervoer van goedere na Mosambiek, veral voedsel, steeds voortgaan. Aansoeke om tydelike permitte vir die vervoer van goedere na Mosambiek word slegs in uitsonderlike gevalle by plaaslike padvervoerrade ingedien en dit wil voorkom asof karweiers eerder die boete betaal as om aansoek om 'n tydelike permit te doen. Die departement stel ondersoek na die oorsaak van hierdie verskynsel in en poog terselfdertyd om die onwettige karweiery tot die maksimum van sy vermoë te bekamp.

9. Maatskaplik/Sielkundige Aksietaak

Geen terugvoer is vir hierdie tydperk ontvang nie.

10. Veiligheidsaksietaak

10.1 Die SAP(V) berig dat hulle hoop om binne die afsienbare toekoms weer skakeling met hulle eweknie in Mosambiek te bewerkstellig, terwyl die Nasionale Intelligensiediens nog steeds poog om skakeling met sy eweknie te bewerkstellig.

10.3 Roetineveiligheidsaksies duur voort.

ALGEMEEN

11. Beide Zimbabwe en Mosambiek het voortgegaan om die

RSA van destabilisasie binne die onderskeie state te beskuldig.

12. Die onlangse gebeure in Zimbabwe, nl die ontvoering van ses toeriste en die opblaas van 'n aantal vliegtuie van Zimbabwe se Lugmag, kan nie aan die RSA toegedig word nie en kan tot gevolg hê dat destabilisasiebeskuldigings in die toekoms minder geredelik deur Westerse state aanvaar sal word, mits die RSA die nodige doen om dit uit te buit.

GEVOLGTREKKINGS

13. Eie ekonomiese belange noodsaak Zimbabwe om 'n relatief gematigde houding teenoor die RSA in te neem. Minister Kangai se uitsprake is op die oog af bemoedigend maar daar moet uit die aard van die saak nie te veel waarde daaraan geheg word nie.

14. Wat Mosambiek aanbetref, bly dié staat se houding jeens die RSA onveranderd. Namate die RNM meer suksesse behaal, word Mosambiek se anti-RSA propaganda ook al hoe hewiger.

15. Vir die suksesvolle implementering van die riglyne is 'n goedgekoördineerde, aktiewe sielkundige aksieveldtog onontbeerlik. Volgens terugvoering van departemente ontvang, is daar nie vordering op hierdie gebied nie. Hierdie sorgwekkende leemte is reeds onder die Interdepartementele Sielkundige Aksiekomitee en die Tak Sielkundige Aksie van die Sekretariaat se aandag gebring, maar vordering met die uitvoering van die taak bly steeds agterweë in verslae aan die Sekretariaat.

47

AANBEVELING

16. Dit word aanbeveel dat Departementshoofde versoek word om indringende aandag aan die sielkundige aksietaak te skenk.

SEKRETARIS VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD